

ODITORIUM

HOEWEL die auditorium van die Nasionale Museum wat gedurende 1973 in gebruik geneem is hoofsaaklik daargestel is vir die werk van die opvoedkundige beampte, speel dit reeds ook 'n belangrike rol in die verenigingslewe in Bloemfontein.

Die volgende verenigings sal gedurende die jaar een of meer byeenkomste in die ouditorium hou:

**Botaniese Vereniging
Natuurlewevereniging**

Kameraklub
Aalwyn- en Vetplantevereniging
Possêdversamelaars
Blommekunsklub
Vereniging van Universiteitsvroue
National Council of Women
Tuinbouklub
Hondeklub
Amateur Sterrekundige Vereniging

Gedurende die eerste agt maande van sy bestaan is reeds meer as 4 800 mense in die auditorium ontvang tydens byeenkomste van die een of ander aard. Die auditorium met sy 196 sagte sitplekke, lugreëling en moderne projeksie-riewie is ook beskikbaar vir gebruik deur ander verenigings.



Die Lammergeyer



DIE opgestopte lammergeyer op die foto hiernaas is tien jaar gelede as jong voël met 'n gebreekte vlerk by die Bloemfonteinse Dieretuin afgelaai. Dit het nooit die gebruik van sy vlerk herwin nie en is onlangs deur taksidermis, Sjoerd van Ec, opgestop om saam met twee ander voorbeelde van hierdie skaars soort roofvoël sy plek in die Museum in te neem. Die ander twee voëls is vroeër dood gevind en aan die Museum geskenk.

Ondanks streng wetgewing word die lammergeyer of "bearded vulture", *Gypaetus barbatus meridionalis* in Suid-Afrika met uitsterwing bedreig. Slegs sowat twintig broeipare word op die hoogste pieke van die Drakensberg aangetref.

Soos ook met ander groot roofvoëls die geval is, word slegs twee eiers per keer uitgebroei en skop die ouer kuiken gewoonlik ook die jongere uit die nes.

Die lammergeyer is 'n aasvreter en sal selde lewende diere aanval.

Bene van dooie diere word dikwels deur hulle vanuit 'n groot hoogte op rotse laat val om te breek sodat stukkies daarvan geëet kan word.

Hierdie voëlsoort kom nog wydverspreid voor oor die hoë bergreekse van suidelike Europa, Asië en Oos-Afrika.



DIE Museum se versameling Vrystaatse posseëls en koeverte van die Tweede Vryheidsoorlog is onlangs tydens 'n gereelde byeenkoms van die O.V.S. Filatelistiese Vereniging in die Auditorium uitgestal.

Mnr. A. L. Meyburgh, ere-kurator van die versameling, wys hier na 'n besondere seldsame koewert wat op 23 Desember 1901 vanuit die konsentrasiekamp te Springsfontein na die krygsgevangenekamp op Burtseiland, Bermuda gestuur is. Die seëls op hierdie koewert bevat ook syferstempels.

President Steyn



DR. JOAN WAKE van Oxford, Engeland het onlangs, deur middel van die Suid-Afrikaanse Ambassade in London en die Nasionale Museum in Bloemfontein, 'n versierde adres aan president M. T. Steyn, wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog deur haar broer na Engeland geneem is, aan die Steyn-familie terugbesorg. Hierdie welkomsadres aan president Steyn wat aan hom in Pretoria oorhandig is op sy eerste besoek as Staatspresident van die Vrystaat aan Pretoria, hang vandag weer tussen al die aandenkings aan die eertydse president, in die sitkamer van sy woning op Onze Rust. Onder die handtekeninge op die adres verskyn onder meer dié van S. J. P. Kruger (staatspresident), F. W. Reitz (staatssekretaris) en P. J. Joubert (kommandant-generaal).

Op die meegaande foto neem advokaat M. T. Steyn (regs), kleinseun van die president, die adres in ontvangs van die Direkteur van die Museum, mnr. J. J. Oberholzer, in die eetkamer van die woning op Onze Rust.